PARLIAMENT

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VERSOEK OM BENOEMINGS

## AANSTELLING VAN TWEE LEDE IN DIE RAAD VAN DIE AGENTSKAP VIR MEDIA-ONTWIKKELING EN -DIVERSITEIT (AMOD)

Instellings en/of individue word hiermee uitgenooi om persone te benoem om twee vakante poste te vul vir nie-uitvoerende lede in die Raad van die Agentskap vir Mediaontwikkeling en -diversiteit, ingevolge artikel 4 van die Wet op die Agentskap vir Mediaontwikkeling en -diversiteit, 2002 (Wet No 14 van 2002) ("AMOD-wet").

Ingevolge die AMOD-wet is die AMOD gestig om 'n bemagtigende omgewing te help skep vir media-ontwikkeling en -diversiteit deur die uitsluiting en marginalisering van benadeelde gemeenskappe en persone betreffende toegang tot die media en die mediabedryf reg te stel. Die begunstigdes daarvan is gemeenskapsmedia en klein kommersiële mediaprojekte.

'n Raadslid moet: 'n persoon wees wat verbind is tot regverdigheid, vryheid van uitdrukking, oopheid en aanspreeklikheid; 'n verteenwoordiger wees van 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek en beskik oor gepaste kwalifikasies, kundigheid en ervaring op die gebiede van onder meer: gemeenskapsmedia; maatskaplike-, arbeids- en ontwikkelingskwessies; media; ekonomie, finansiële bestuur en befondsing; die advertensie-wese en bemarking; joernalistiek en uitsaaiprogrammering; media-navorsing; media-opleiding, geletterdheid en opvoeding; media-reg; en beleid oor inligting- en kommunikasietegnologie; of enige ander verwante kundigheid of kwalifikasies. Benoemdes moet Suid-Afrikaanse burgers wees wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is.

Skriftelike benoemings moet die volle naam en adres insluit van die instelling en/of individu wat sogenaamde benoeming maak, die benoemde se ondertekende aanvaarding van sodanige benoeming en sy/haar Curriculum Vitae, wat ten minste die volgende inligting moet bevat: volle naam, identiteitsnommer en geslag; kontak-, telefoon- en e-posadres; vorige ervaring (met vermelding van datums en betrokke organisasies); gewaarmerkte afskrifte van akademiese kwalifikasies en identiteitsdokument.

Benoemings en navrae moet gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Kommunikasie en Digitale Tegnologie **(Vir aandag: mnr Thembinkosi Ngoma, komiteesekretaris)** en per e-pos aan **mddaboardvacancy@parliament.gov.za** gestuur word. Telefoniese navrae kan gerig word deur **083 709 8407** te skakel.

Sluitingsdatum vir benoemings: 16:00 op Vrydag, 17 Julie 2026. Let asseblief daarop dat benoemdes aan 'n kwalifikasie-ondersoek en sekerheidsklaring onderwerp sal word. Die benoemings- en onderhoudproses is 'n openbare proses. Voorleggings wat laat ingedien word, sal nie oorweging geniet nie.

**Uitgereik deur me K L N Sangoni, LP: Voorsitter, PK oor Kommunikasie en Digitale Tegnologie.**

**Your Parliament. Your Voice. Your Future.**